SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2017

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 70**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

## NASIENRIGLYNE

1. ʼn Kandidaat mag nie meer as EEN vraag uit dieselfde **genre** beantwoord nie.

2. As ʼn kandidaat meer as die vereiste aantal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien.

3. Indien die antwoord in meer as een sin aangebied word en die antwoord nie in die eerste sin voorkom nie, maar dit tot die antwoord in die tweede sin lei, word die antwoord in die tweede sin nagesien.

4. Vir oop vrae waar JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE plus ʼn motivering vereis word, word slegs die rede/motivering oorweeg. Indien die kandidaat nie JA/NEE skryf nie, maar die motivering is korrek, word die punt toegeken.

5. Indien die kandidaat JA/NEE sê, moet die motivering korrek wees, anders verloor die kandidaat die punt.

6. Vir WAAR/ONWAAR – of FEIT/LUG JOU MENING vrae, word die punte verdeel:

   Slegs ʼn punt vir die motivering word toegeken.
   - As die leerder se WAAR/ONWAAR korrek is, en die motivering is korrek, verdien die kandidaat slegs **EEN** punt.
   - As die leerder se WAAR/ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is korrek, word **GEEN** punte toegeken nie.

7. Fals (Vals) kan aanvaar word. (False is egter verkeerd, want dit is Engels).

8. Indien die kandidaat woorde uit ʼn **ander taal** gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die **vreemde woorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **vreemde woorde** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

   Indien die **vreemde woorde** in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

9. Aanvaar dialektiese variasies.

10. Indien die kandidaat **kru taal** gebruik, word die **kru woorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **kru woord** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

11. Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.

12. Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

13. As die kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

14. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyn nagesien.

15. As ŉ spelfout die betekenis van ŉ antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

16. By OF SOORTGELYK beteken dit ŉ sinoniem vir die antwoorde, nie ŉ nuwe gedagte/antwoord nie.

## AFDELING A: DIE ROMAN

## VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG

### *DIE KRUPPEL ENGEL* – Zenobia Kock

1.1 1.1.1 Tina verkies om in Afrikaans onderrig te word. / Sy wil ’n opvoeding hê. / Sy wil nie ’n arbeider wees nie. (Enige TWEE) (2)

1.1.2 Hy het die finansies (skoolfooie, koshuisgelde en boekgelde) voorsien. (1)

1.1.3 Hy voel dit is sy verantwoordelikheid, want hy het haar grootgemaak./ Hy voel Tina waardeer nie wat hy vir haar doen nie./ Hy voel seergemaak toe hy uitvind Stefaans betaal Tina se skoolgeld. (1)

1.2 Sy was bang Tina sou uitvind Stefaans is haar biologiese pa. / Ma Lettie kon moontlik nog bitter/seergemaak voel oor wat tussen hulle gebeur het. (1)

1.3 1.3.1 Sy voel sy kan ant Lya stilmaak. (1)

1.3.2 Tina het ’n verlange om meer in aanraking met Stefaans te kom. (1)

1.4 1.4.1 Die mense sê daar is ’n familie-engel op die plaas. (1)

1.4.2 Volgens oorlewing slaan die familie-engel altyd een geslag oor. (1)

1.5 1.5.1 Hy is haar biologiese pa. (1)

1.5.2 Sy het nie besef dat Tina nog nie weet nie.

**EN**

Sy besef sy het uit haar beurt gepraat. (2)

1.5.3 Die hele dorp BEHALWE SY ken die waarheid. (2)

1.5.4 Die soeke na identiteit. (1)

1.6 Ja, dis jou reg en ook net regverdig om jou ware identiteit te weet.

**OF**

Nee, dis beter, want wat jy nie weet nie, kan jou nie seermaak nie. (1)

1.7 1.7.1 ma

1.7.2 stoor

1.7.3 Vrydag (3)

1.8 Hy vra haar om blommemeisie by sy troue te wees. (1)

1.9 1.9.1 C / Juffrou Dale

1.9.2 A / Jakob

1.9.3 B / Stefaans

1.9.4 E / Tina (4)

1.10 1.10.1 Toe hulle klein en alleen was, het Jakob vir Tina gevra om die pap te roer maar sy het geweier.
Toe hy dit self doen, val hy met sy gesig in die warm pap en skend sy gesig.
Toe sy wou help, val die pot op sy heup en daarom is hy kreupel. (3)

1.10.2 Merlin het ’n groot verantwoordelikheid (om Jakob op te pas) op Tina afgeskuif. (1)

1.11 1.11.1 Sy voel skuldig oor wat met Jakob gebeur het.
**EN**
Sy voel indirek verantwoordelik vir Jakob se dood. (2)

1.11.2 Dis eers toe sy die waarheid hoor oor hoe Jakob selfmoord gepleeg het. (1)

1.12 Hy het haar na Stefaans verwys vir finansiële hulp. (1)

1.13 Die engel speel ’n sleutelrol in die hoofkarakter se lewe./
“kruppel” sluit aan by die engel, Jakob se fisiese en sielkundige gebreke. (1)

1.14 Tina moes heeltyd onder verdenking / met ’n skuldgevoel leef. (1)

1.15 Hy kon met iemand oor sy probleem gepraat het. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B: DIE DRAMA

***DIE LAASTE KARRETJIEGRAF*** **– Riana Steyn en Athol Fugard**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

2.1 2.1.1 Sarah is ’n antropoloog (’n persoon wat die leefwyse van ’n volk bestudeer). (1)

2.1.2 Haar bevindinge gee bestaansreg aan die karretjiesmense.
**EN**
Haar bevindinge gee inligting oor die leefwyse van die karretjiesmense. (2)

2.2 2.2.1 Sy vingers is krom nadat hy in die tronk aangerand is.
**EN**
Die karretjiesmense kry nie meer skeerwerk nie. (2)

2.2.2 Hy voel minderwaardig. (1)

2.2.3 Ja, dis al werk wat hulle al geslagte lank ken.
**OF**
Nee, hulle moes tred hou met die tegnologie. / Hulle kon ander werk soek. (1)

2.3 2.3.1 Die hof het gevoel dat Koot se gesin afhanklik van hom as broodwinner was. (1)

2.3.2 Hy het later sy tweede vrou ook vermoor. (1)

2.3.3 Ja, Hy het duidelik nie geleer uit sy eerste oortreding nie. (1)

2.3.4 Toek-Toek kap sy eie hond dood. /
Outjie slaan Rokkies se pop aan stukke. /
Die kinders tree ook gewelddadig op. (1)

2.3.5 Nee, dis ’n keuse wat hy maak.
**OF**
Ja, alkohol het hom tydelik as ’n man met mag / krag laat voel. (1)

2.3.6 Oppas wat jy voor jou kinders doen./ Alkohol verander mense se gedrag. (1)

2.4 2.4.1 Hulle moes altyd trek na waar daar werk vir hulle was./ Hulle het nie geld daarvoor gehad nie / bekostig nie. (1)

2.4.2 Hulle kon nie huise bou met permanente strukture (soos bakstene) nie. (1)

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.5 | 2.5.1 | Dit simboliseer die armoede van die karretjiesmense. | (1) |
| | 2.5.2 | Dit simboliseer die karretjiesmense se gewelddadige leefwyse. | (1) |
| | 2.5.3 | Dit simboliseer die karretjiesmense se vryheid / onafhanklikheid. | (1) |
| 2.6 | 2.6.1 | Na Ouma se dood moes Koot en sy familie ’n nuwe leefstyl aanneem. | (1) |
| | 2.6.2 | Nee, hulle ken nie ’n ander lewe nie.<br>**OF**<br>Ja, omstandighede sou hulle moontlik forseer het (al sou dit moeilik wees). | (1) |
| | 2.6.3 | ’n Mens verwag dat Koot sou waardeer dat Pienkies iets probeer doen het om die gesin aan die lewe te hou, wat eintlik sy pa se plig was, soos om die hout van die karretjieskar te gebruik vir vuurmaak. | (2) |
| | 2.6.4 | Dit is ’n Khoi tradisie.<br>Dit keer dat die geeste kontak het met die liggaam.<br>Dit keer dat die wilde diere die liggaam uitgrawe. | (3) |
| | 2.6.5 | As gevolg van hul rondtrekkery, kon hulle kinders nie skoolgaan nie. | (1) |
| 2.7 | Albei dui op die einde / vernietiging van die leefwyse van die karretjiesmense/ die einde van apartheid. | | (2) |
| 2.8 | 2.8.1 | kombuiswerker | |
| | 2.8.2 | wyn | |
| | 2.8.3 | drome | (3) |
| 2.9 | 2.9.1 | E / Sarah | |
| | 2.9.2 | C / Koot | |
| | 2.9.3 | D / Pienkies | |
| | 2.9.4 | A / Rokkies | (4) |

**TOTAAL AFDELING B: 35**

## AFDELING C: KORTVERHAAL

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

**BEANTWOORD ALBEI KORTVERHALE**

**TEKS D**

**BELINDA EN DIE BLOU STER – Harry Kalmer**

3.1 Tienerliefde / verhoudings op skool / kalwerliefde / … (1)

3.2 3.2.1 Outydse musiek
skaak (2)

3.2.2 Hy kon nie seks by Belinda kry nie. /
Hy het iemand anders ontmoet. (1)

3.2.3 Nee, dis ŉ baie onmenslike manier.
**OF**
Ja, dis miskien beter en dan onbeplande reaksies so te vermy. (1)

3.3 3.3.1 Belinda het ŉ blou ster oor sy naam op haar arm getatoeëer. (1)

3.3.2 Selfs die blou ster sal haar aan Fred herinner.
**EN**
Elke keer as sy hom sien, sal sy aan hul verhouding / Fred dink. (2)

3.4 3.4.1 Oppas vir vriende met bymotiewe. / Moenie tatoeëermerke op jou liggaam toelaat nie. (1)

3.4.2 Sy kommunikeer met haar kind oor hierdie aspek.
**EN**
Sy vertolk die rol van ŉ verantwoordelike ouer, maar moenie haarself op haar kind afdwing nie. (2)

3.4.3 Sy kies liewer om sy naam op haar arm te tatoeëer om hom te wys sy is lief vir hom in plaas van om seks met hom te hê. (1)

3.5 Hy sê haar af nog voordat sy hom die tatoeëermerk kon wys. (2)

3.6 Liefde (vir Belinda)
**EN**
Woede (teenoor Fred) (2)

3.7 Hy tree onverantwoordelik op (laat skaakspan in die steek) /
Hy gee nie Belinda kans om te verduidelik nie. (1)
**[17]**

**EN**

## TEKS E

## KONING VAN DIE TOWNSHIPS – Rudi Daniels

3.8 Seppie moes gaan werk vir 'n inkomste vir die huis.
(OF soortgelyk) (1)

3.9 Die polisie is korrup./ Hulle is bang./ Hulle werk met die bende. (1)

3.10 Nee, 'n mens het altyd 'n keuse in elke omstandigheid.

**OF**

Ja, moedelose en desperate mense probeer enigiets. (1)

3.11 Hy het sy talent verkeerd aangewend deur betrokke te raak by bendes/ misdaad met tragiese gevolge. (2)

3.12 Ouers hou hul kinders by die huis.

**EN**

Skole is vroeër gesluit. (2)

3.13 3.13.1 Die ander bende kon hom dalk beskou as hul vyand. (1)

3.13.2 Hy is nuuskierig. (1)

3.14 Hy het geglo in Seppie en sy bes probeer. (1)

3.15 Kom jou verantwoordelikhede as 'n ouer na! (1)

3.16 3.16.1 'n blommetjie

3.16.2 Moses

3.16.3 tyd (3)

3.17 3.17.1 D / mnr. Brydon

3.17.2 E / die leerders

3.17.3 C / die jong dogter

3.17.4 B / Elsiesrivier (4)
**[18]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

### TEKS F

4.1 brief / klagtebrief / formele brief (1)

4.2 “fabrieksfout”,/ “voer hy in die vlerk” (1)

4.3 Hoe kan GOD ŉ ooievaar vertrou met so ŉ kosbaarheid veral in hierdie tye van onbetroubare posdienste? (1)

4.4 Dit dui op die gebrokenheid van die spreker. / Dit pas by die onvolmaaktheid van die kind. (1)

4.5 Sy wou die kind dadelik na God terugstuur. (EIE WOORDE) (1)

4.6 “begaan verward” / (SLEGS TWEE WOORDE) “freudiaanse glips” (1)

4.7 Hulle verkies om die gelukwensings neer te skryf, want hulle weet nie wat om vir haar te sê nie. (1)

4.8 Hulle is dankbaar dat God nie aan hulle ŉ gestremde kind gegee het nie. (1)

4.9 Nee, niemand verwag onvolmaakthede / gestremde kinders van God nie.

**OF**

Ja, ʼn mens moet aanvaar dat God soewerein is / moet aanvaar wat God op ons pad toelaat. (1)

4.10 “fabrieksfout”, “frats”, “karikatuur” (KORREKTE VOLGORDE) (1)

4.11 “fabrieksfout” (EEN WOORD) (1)

4.12 Aanvaar dit so gou as moontlik. / God vertrou jou met hierdie gestremde kind. / Wees lief vir jou kinders net soos hulle is.
(Enige EEN OF soortgelyk) (1)

4.13
- 4.13.1 D / vertroue
- 4.13.2 B / dankbaarheid
- 4.13.3 A / verbaas/teleurgesteld
- 4.13.4 C / onbetroubaar (4 x 1) (4)

4.14 Hoe kan ŉ volmaakte God ŉ onvolmaakte produk vervaardig?

**OF**

Hoe kan uit die “Hemel” so ʼn gestremde kind kom? (2)

**[18]**

**EN**

**TEKS G**

4.15 4.15.1 'n Kaapse inwoner (1)

4.15.2 Die gedig is in Kaapse Afrikaans/dialek geskryf.
Afrikaans gemeng met Engelse woorde.
Voorbeelde: soos "djy", "wiet"
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

4.16 Spanning / wantroue / onheil (1)

4.17 Dit impliseer 'n gegewe dat jy wel een of ander tyd gekaap gaan word. (1)

4.18 Mense vertrou nie meer mekaar nie. (1)

4.19 4.19.1 alleenplasing (1)

4.19.2 Hy beklemtoon die misdaadsituasie in Suid-Afrika. /
Hy beklemtoon die herhaalde waarskuwing oor misdaad. /
Hy beklemtoon dat mense op hul hoede moet wees.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

4.20 Jy moet gereed wees om jouself dadelik te verdedig. (1)

4.21 "supermarket", / "stopstrate", / "robots" / "driveways"
(SLEGS TWEE WOORDE) (2)

4.22 Hulle word onderbetaal / te min betaal. (1)

4.23 Hy voel die kriminele het meer regte as wetsgehoorsames. (1)

4.24 Hulle praat met vreemdelinge. /
Hulle laat hul motordeure / vensters oop. /
Hulle los hul pakkies / selfone in die motors.
Hulle ry op verlate, donker paaie. (Enige EEN) (1)

4.25 4.25.1 oplettend

4.25.2 hoofweë

4.25.3 beskerm (3)

4.26 Die gedig waarsku ons teen misdadigers. / Maak ons bewus van kriminele gedrag. (1)
**[17]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou